SAOU: VRYSTAAT NUUSBRIEF 2/2016

AAN: SAOU WERKPLEKVERTEENWOORDIGERS
VIR AANDAG: ALLE SAOU-LEDE

1. AANSTELLING/OMSKAKELING VAN TYDELIKE ONDERWYSERS

Bogenoemde prosesse behoort tans aan die gang te wees. In hierdie stadium het ons geen aanduiding van hoe ver daar hiermee gevorder is nie.

Die omskakelings wat reeds afgehandel behoort te wees, is tydelike onderwysers wat tot 30 Junie 2015 ses maande en langer diens voltooi het in vakante poste. Indien skriftelike bevestiging nog nie vanaf distrikskantore ontvang is nie, is dit belangrik dat dit opgevolg word.

Dit is egter verblydend dat sover ons kon vasstel, heelwat tydelike onderwysers weer verleng is vir nog 6 maande.

2. BONUS: BELASTINGVERSPREIDING

Soos elke jaar, herinner ons lede, maar veral nuwe lede, daaraan dat julle 'n keuse het oor hoe belasting op jul bonus afgetrek moet word, nl. eenmalig in die maand wat die bonus betaal word, of versprei oor die belastingjaar. 'n Vorm om 'n keuse vir verspreide belasting uit te oefen is by ons kantoor beskikbaar. Die keuse moet voor die einde van Januarie uitgeoefen word. Die voltooide vorms kan aan ons kantoor deurgestuur word – ons sal dit namens u by die Hoofkantoor (Direktoraat: Finansies) gaan indien.

Indien die belasting versprei word oor die jaar, sal u u volle bonus gedurende u verjaarsdagmaand ontvang.

NB: Tydelike opvoeders kan nie hierdie keuse uitoefen nie
NB: Indien u reeds hierdie keuse uitgeoefen het, en reeds u vol bonus ontvang, hoef u dit nie nou weer te doen nie.

3. KWALIFIKASIES

Ons vestig graag weer lede se aandag op die volgende:

Nuwe toetreders tot die onderwys: Julle hoef nie te wag vir die diplomaplegtigheid om jul salarisse te laat regstel nie. Dit kan reggestel word indien 'n gesertifiseerde afskrif van jul akademiese rekord (volledige uitslae), wat aandui dat daar aan die vereistes vir die kwalifikasie voldoen is, ingedien word. Salaris kan reggestel word vanaf die datum waarop aan die vereiste vir die kwalifikasie voldoen is – dit is dus belangrik dat die verklaring hierdie inligting sal bevat.

Indien u dus aan die einde van 2015 aan die vereistes vir die kwalifikasies voldoen het en u is in Januarie 2016 aangestel, kan u salaris nou reeds vanaf 1 Januarie 2016 reggestel word. Dit is egter belangrik dat die amptelike sertifikaat na afloop van die diplomaplegtigheid ook ingedien word.

NB: In die geval van nuwe toetreders, kan die kontantbonus vir 'n addisionele 5e jaar diploma (bv. Honns) eers na voltooiing van een jaar diens betaal word.

4. DIENSERKENNING

Nuwe lede word weer daaraan herinner dat toepaslike onderwysdiens, soos bv. diens in 'n BL-pos, wel erken word – dit is belangrik om 'n dienssertifikaat te bekom sodat dit vir salarisdoeleindes ingedien kan word. Dit geld ook t.o.v diens by ander onderwysinstansies soos privaatskole, universiteite, ens.

Vorige diens vir staatsdienslede kan ongelukkig in terme van staatsdiensvoorskrifte nie erken word nie!

5. SAOU LIDMAATSKAP

Wanneer lede van beheeliggaam-poste na departementele poste of andersom verskuif, moet ons asseblief daarvan in kennis gestel word sodat die nodige reëlings getref kan word – bv. die kansellasie van die debietorder en die instelling van 'n aftrekking op Persal.

Sonder 'n vakbondaftrekking, word 'n agentskapsfooi *("PSCBC Agency")* outomaties van alle werknemers in diens van die department se salarisse afgetrek – dit beloop tans R74, 49. Hierdie aftrekking staak outomaties wanneer die vakbondaftrekking op Persal geïmplementeer word. Die agentskapsfooi wat afgetrek word hou geen voordele in nie. Kontroleer u salarisstrokie hiervoor.

Nuwe toetreders moet dus so gou moontlik by 'n vakbond aansluit – die SAOU sal die beste keuse wees!

6. HANTERING VAN LEDENAVRAE

Die Departement van Onderwys vereis nou van die SAOU 'n toestemmingsbrief en 'n afskrif van 'n ID indien ons enige inligting van 'n SAOU lid wil trek.

Voltooi asb die aangehegte vorm en heg 'n afskrif van u ID aan wanneer u enige saak aanmeld waarvoor inligting by die departement getrek moet word.

ANKIA BESTER
ASSISTENT PROVINSIALE SEKRETARIS
20/01/2016

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION

SAOU

Vrystaat Kantoor / Free State Office

HANTERING VAN NAVRAE VAN LEDE:

Voltooi asb. die onderstaande inligting indien die SAOU 'n saak namens u moet hanteer. Dit moet voltooi word vir elke nuwe saak wat aangemeld word.

Naam	
Voorletters	
Van	
Skool	
Persalnommer	
Selnommer	
E-pos adres	
Kort beskrywing van probleem (Heg nodige bewyse aan indien van toepassing)	

Hiermee gee ek, _____ (naam en van van opvoeder), met persalnommer _____, toestemming aan die SAOU om relevante inligting by die Departement van Onderwys, wat nodig sou wees om die saak op te los, te trek.

NB. HEG ASB. 'N KOPIE VAN DIE ID DOKUMENT AAN

Handtekening van lid: _____

Datum: _____

PO Box / Posbus 35551, Faunasig 9325 / Sewendestraat 2, Arboretum, Bloemfontein 9305
☎ 051 430 1531 🖷 051 430 1564 ✉ saouvrys@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

FEDUSA

SAOU: FREE STATE 2/2016

TO: **SAOU SHOP STEWARDS**
FOR ATTENTION: **ALL SAOU-MEMBERS**

1. APPOINTMENT/CONVERSION OF TEMPORARY EDUCATORS

Currently these processes should be nearing finalization at District Offices. At this stage we do not know what progress has been made up to now.

The current cut-off date for the conversion of temporary educators to permanent is 30 June 2015 – those who completed six months or longer service on 30 June 2015. If those who fall within this category have not yet received written confirmation form their district offices, it is important to make a follow-up.

We are pleased to report that as far as we know the service of most temporary educators were extended for a further period of 6 months.

2. BONUS: TAX DEDUCTION

Members, especially new members, are reminded that the tax on their service bonus can be deducted in two ways, namely once-off or spread over the year. The choice form is available at the SAOU office. The completed form must be submitted to our offices not later than the end of January – you can fax it to us – we will submit it to Head Office (Directorate: Finances) on your behalf.

If the tax is spread over the year the full bonus will be paid in the month of your birthday.

NB: This option is not available to temporary educators.
NB: If you have already exercised this option and already receive your full bonus, you do not have to submit a form again.

3. QUALIFICATIONS

We draw your attention to the following:

New entrants to education: Your salary can be adjusted if you submit a certified copy of your academic record (full report), stating that you have met all requirements for the qualification to the Department. This statement must indicate the date when you met die requirements for the qualification. You therefore need not wait for the graduation ceremony to take place. The salary can be adjusted from the date specified on the academic record.

This means that if you met all the requirements for the qualification at the end of 2015 and you were appointed in January 2016, your salary can immediately be adjusted. It is important to also submit the official certificate (diploma) after the graduation ceremony.

NB: New entrants can only be paid the cash bonus for an additional 5th year diploma (i.e. Hons degree), after completion of one year of service.

4. RECOGNITION OF SERVICE

New members are reminded that relevant education service, i.e. governing body service, can be acknowledged for salary purposes – a service certificate must be submitted. This also applies to service as an educator at other institutions like private schools, universities, etc.

Previous service of public servants can, in terms of public service requirements, unfortunately not be acknowledged.

5. SAOU MEMBERSHIP

It is important to notify us when members move from governing body posts to departmental posts and *visa versa*. This will enable us to make the necessary arrangements – e.g. The debit order must be cancelled and the deduction must be implemented on Persal.

Persal automatically implements a deduction for an agency fee *("PSCBC Agency")* of R74, 49 from all state employees' salaries if they do not belong to a union. This deduction is stopped as soon as the union deduction is implemented on Persal. The agency fee holds no benefits. Check your salary slip for this.

New entrants must therefore join a union as soon as possible – the SAOU will be the best choice!

6. HANDLING OF MEMBER QUERIES

The Department of Education now requires from the SAOU a written permission and a copy of the ID when we have to draw any information of a SAOU member.

Please complete the attached form and attach a copy of your ID whenever you report a matter for which we have to obtain information from the department.

ANKIA BESTER
ASSISTENT PROVINSIALE SEKRETARIS
20/01/2016

HANDLING OF MEMBER ENQUIRIES:

Please complete the information below if the SAOU must handle a matter on your behalf. This must be completed for every new matter reported.

Name	
Initials	
Surname	
School	
Persal number	
Cell number	
E-mail address	
Short description of problem (Attach the necessary proof if applicable)	

Herewith I, _____ (name and surname of educator), with Persal number _____, give permission to the SAOU to obtain the relevant documents from the Department of Education which might be necessary to resolve the matter.

IMPORTANT: PLEASE ATTACH A COPY OF YOUR ID.

Signature of member: _____

Date: _____

PO Box / Posbus 35551, Faunasig 9325 / Sewendestraat 2, Arboretum, Bloemfontein 9305
☎ 051 430 1531 🖷 051 430 1564 ✉ saouvrys@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

FEDUSA